In terms of section 6 (1) of the Act the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference—

'Woodworking Industry' means the Industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable to registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the purpose of performing any one or more of the following activities:

(a) The reduction of timber or logs to beams, poles, droppers, planks, baulks, mine props, sleepers wedges or other standard forms by stripping off bark, drying, splitting, cutting up, sawing, planing or conversion of such timber or logs in any other manner and includes the treatment of any of the said articles by heat or chemicals where such treatment is carried on in conjunction with any of the aforesaid activities;

(b) the manufacture of wood-wool, boxes, shooks, packmats, trays, crates or other articles of which wood constitutes the main component;

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities, but does not include the following:

(i) Joinery;

(ii) the manufacture of furniture, wagons, carts or boats;

(iii) the manufacture of coffins;

(iv) the manufacture of plywood, veneers, veneered boards, laminated boards, block boards, chip boards or any similar product of which wood forms the main component.".

It is further notified that in terms of section 10 (1) of the Wage Act, 1957, questionnaires have been forwarded to employers for completion. Employers who do not receive these questionnaires within 14 days after the date of this notice should please notify the Secretary of the Wage Board.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 841 28 April 1978

### WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE 1172 OF 1973, ACT 28 OF 1969

By virtue of the powers vested in me by section 10 (2) (b) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby withdraw in its entirety Government Notice 1172 of 6 July 1973. 10/2/292.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 842 28 April 1978

### NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE HISTORIC HOUSE AT 112 DORP STREET, STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic house at 112 Dorp Street, with one metre of land on its northern side, situate on Erf 3471, being a portion of Erf 658, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic house at 112 Dorp Street, with one metre of land on its northern side, situate on certain piece of land in the Municipality and Division of Stellenbosch,

Kragtens artikel 6 (1) van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken—

'Houtverwerkingsnywerheid' die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is met die doel om enigeen of meer van die volgende bedrywighede uit te oefen:

(a) Hout of stompe in balke, pale, sparre, planke, rubalke, mynstutte, dwarslêers, wîe of ander standaardvorms te verwerk deur dit te ontbas, te droog, te kloof, op te sny, te saag, te skaaf of op enige ander manier te verwerk, en sluit in die behandeling van enige van bogemelde artikels met hitte of chemikalieë waar sodanige behandeling tesame met enige van voormelde bedrywighede uitgeoefen word;

(b) houtwol, kaste, duie, pakmatte, kissies, kratte of ander artikels te vervaardig waarvan hout die hoofbestanddeel uitmaak;

en omvat dit alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede gepaard gaan of daaruit voortspruit, maar sluit nie die volgende in nie:

(i) Skrynwerk;

(ii) die vervaardiging van meubels, waens, karre of bote;

(iii) die vervaardiging van doodkiste;

(iv) die vervaardiging van laaghout, fineerhout, gefineerde bord, gelamelleerde bord, blokkiesbord, spaanderbord of enige soortgelyke produk waarvan hout die hoofbestanddeel uitmaak.".

Verder word bekendgemaak dat vraelyste kragtens artikel 10 (1) van die Loonwet, 1957, aan werkgewers gestuur is om in te vul. Werkgewers wat nie vraelyste binne 14 dae na die datum van hierdie kennisgewing ontvang nie, moet asseblief die Sekretaris van die Loonraad in kennis stel.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 841 28 April 1978

### INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1172 VAN 1973, WET 28 VAN 1969

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (2) (b) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), trek ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Goewermentskennisgewing 1172 van 6 Julie 1973 in sy geheel in. 10/2/292.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 842 28 April 1978

### WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE HISTORIESE HUIS TE DORPSTRAAT 112, STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese huis te Dorpstraat 112, tesame met een meter grond aan sy noordekant, geleë op Erf 3471, synde 'n gedeelte van Erf 658, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese huis te Dorpstraat 112, tesame met een meter grond aan sy noordekant, geleë op sekere stuk grond in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch,

